# GEE MY WEER DIE VREUGDE VAN GOD

# DIE TOESTAND

**Jes 24:8-12**

**8** Weg is die vreugde van die tamboeryne, die gedruis
van die uitgelate mense hou op, weg is die vreugde van
die siter!

**9** Hulle drink geen wyn onder gesang nie; die sterk
drank smaak bitter vir die wat dit drink.

**10** Verbreek is die verlate vesting; al die huise staan
toegesluit, sodat niemand daar kan inkom nie.

**11** Daar is 'n gejammer oor wyn op die strate; al die
vrolikheid het ondergegaan, die vreugde van die aarde
is verban.

**12** Wat in die stad oorgebly het, is verwoesting; en die
poort is tot 'n puinhoop stukkend geslaan.

# DOEL VAN VYAND TEEN KERK

- Blydskap/vreugde te steel.
- Moedeloos te maak deur probleme / stryd / bekommernis / blydskap te steel.

**Eff 3:13**

Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word by my verdrukkinge ter wille van julle nie. Dit is julle eer.

# HOEKOM WIL HY BLYDSKAP STEEL

**Neh 8:11(b)**

Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.

- Beskutting / “strength”
- A fortified place: versterkte plek
- A defence: verdediging
- Fort: fort
- Rock: rots
- Vesting – om mure – versterkte stad (fort)

## Jes 24:10-11

**10** Verbreek is die verlate vesting; al die huise staan toegesluit, sodat niemand daar kan inkom nie.

**11** Daar is 'n gejammer oor wyn op die strate; al die vrolikheid het ondergegaan, die vreugde van die aarde is verban.

# BRON VAN BLYDSKAP

**Rom 14:17**

Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.

**1 Thes 1:6**

En julle het navolgers van ons geword en van die Here deurdat julle die woord in baie verdrukking ontvang het met die blydskap van die Heilige Gees.

**Gal 5:22**

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

- In elke gelowige: dormant
- Blydskap kom nie van buite – ons soek verkeerde plek.
- Bron van blydskap <u>is in ons</u>.

# BLYDSKAP NIE AFHANKLIK VAN OMSTANDIGHEDE NIE

**2 Kor 7:4**

Ek het groot vrymoedigheid teenoor julle; my roem oor julle is groot; ek is vervul met troos; ek loop oor van blydskap in al ons verdrukking.

**Heb 10:34**

Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie, en julle het die berowing van julle goed met blydskap aanvaar, omdat julle geweet het dat julle in julself ‘n beter en blywende besitting in die hemele het.

# HERLEEF BLYDSKAP IN JOU

## 1. God se teenwoordigheid

**Ps 100:2**

Dien die HERE met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel.

**1 Kron 16:27**

Majesteit en heerlikheid is voor sy aangesig, sterkte en blydskap is in sy woonplek.

# HERLEEF BLYDSKAP IN JOU

## 2. Woord van God

**Jer 15:16**

Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die leërskare!

# HERLEEF BLYDSKAP IN JOU

## 3. Dankbaarheid

- Dankbaarheid is oor dit wat jy het – produseer blydskap
- Ondankbare, negatiewe, kla – produseer bedruktheid, neerslagtigheid

**Kol 3:15**

En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.

*Happiness will never come to those who failed to appreciate what they already have.*

*- thoughts wonder -*

# HERLEEF BLYDSKAP IN JOU

## 4. Raak bewus wie jy is (ID)

**Heb 12:28**

Daarom, omdat ons ‘n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.

- Koninkryk: royalty
  rule / reign
- Alreeds ontvang: kind van God is

# BLYDSKAP BEGINSEL

**Jes 51:11**

So sal dan die losgekooptes van die HERE teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg.

- Vreugde / blydskap verkry: kommer en sug – vlug weg

# GOD NOOI JOU UIT

**Jes 61:3(a)**

Om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, ‘n gewaad van lof vir ‘n verslae gees.